# Brokkies Nuus—Brenties
## Maart 2014

### *Gr 1— Eendag as ek groot is …….*

se verskillende beroepe en karakters is die afgelope kwartaal bespreek. Ons het saam met Adam en Eva geleer van gehoorsaamheid, saam met Kain en Abel offers gebring (en "geplant"—sien prent langsaan) en saam met Noag verklaar: " Ek sal God volg, al is ek die enigste een!"








WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus??

Hierdie jaar leer ons Gr 2 groep wie is JESUS! Ons sit verskillende "hoede" op en ontdek saam wie Jesus is, wat Jesus in ons lewens beteken en hoe ons kan getuig:

Ek KEN Jesus!


### *Graad 3—Hoop vir Kinders*

***Goeie NUUS? Goeie NUUS!***
***Ja, daar is wel Goeie nuus!***
***Elke Woensdag leer die Gr 3 groep Bybelverse, stories en waarhede oor die Goeie Nuus, die Evangelie.***
***Op 'n interaktiewe manier leer ons Bybelverse met handgebare wat dit maklik maak om te onthou, aan ander oor te vertel en ook toe te pas in ons eie lewens.***



### *Gr 4 — Ontdekkers Klub …*

Saam ontdek ons wie God is, wat God is en hoekom Hy ons liefhet en genade betoon aan ons! Ons leer Bybelverse op 'n maklike, speelse manier en soek "skatte" in die Woord wat die eienskappe van God bevestig en verduidelik.







**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Juanita Lee**
**072 637 4882**

# Brokkies Nuus—Brenties
## Maart 2014

Juffrou Anuschka se *Dapper Stappers* stap elke Maandagoggend deur die Bybel. Dmv 'n A3 grootte hout Bybel en kleurvolle prente leer ons dapper kleinspan van mense en hul dinge uit die Bybel. Saam ontdek ons skatte in die rugsak, sing lekker Jesus-liedtjies en na storietyd doen ons 'n lekker aktiwiteit. Bak en brou word natuurlik die meeste geniet! Ons leer saam met Noag om te luister na God en glo saam met Abraham in God se beloftes, al vat dit soms jare om waar te word!







Die *Verkleurmannetjie* reeks is sommer 'n helder spul kleure— ons is omtrent 'n lekker deurmekaar spul vir Jesus! Kleure vertel 'n storie, en hoe lekker om dit elke Maandagoggend te ontdek! Goud is vir GOD, wat Hy alles gemaak het, waar Hy woon en Wie Hy is. Volgende kwartaal leer ons wat is swart, rooi, wit en groen.

***" Groei Goggas speel en Groei Goggas werk, Groei Goggas gaan elke Sondag na die kerk om te leer uit die Bybel en te bid en te getuig, dit laat 'n Groei Gogga juig"***

So sing ons uit volle bors elke Vrydagoggend ….



***Die graad R'e is Groei Goggas en ons sing, speel en leer van God. Ons God is 'n wonderlike God. Vra gerus jou kleinding wat beteken die kleure van ons landsvlag!***





***Juffrou Marina se Uiltjie-klas word ook met baie liefde en sorg aangebied.***

Tannie Judy bied die Graad 1 reeks vir hulle aan op 'n Woensdagoggend. Na die les en aktiwiteit word hul soms lekker bederf!









**Dankie vir jou gebede en liefde !
Juanita Lee**